Sondag, 31 Januarie 2021

Skriflesing: Rut 1:1-2:23

Tema: Het die Here teen my gedraai?

VERKONDIGING

Skriflesing

U sal onthou dat Naomi het uit Betlehem, wat in Israel was, weg getrek met haar man en twee seuns na Moab. Haar seuns het getrou met Moabitiese meisies, Orpa en Rut. Haar man is dood en later haar seuns ook en sy het besluit om terug te gaan Betlehem toe en net haar skoondogter, Rut, het saam met haar terug gegaan.

Kom ons lees saam -

Rut 1:19 - 2:9

19 Hulle twee(Rut en Naomi) is toe saam na Betlehem toe. Met hulle aankoms in Betlehem was daar groot opgewondenheid in die stad, en die vrouens het gesê: “Maar dis mos Naomi!”
20 Hierop het Naomi vir hulle gesê: “Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara, want die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak. 21 My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom noem julle my nog Naomi? Die Here het dan teen my gedraai, die Almagtige het 'n ramp oor my gebring.”
22 So het Naomi uit Moab teruggekom en Rut, haar Moabitiese skoondogter, was by haar. Hulle het in Betlehem aangekom aan die begin van die garsoes.

Die ontmoeting tussen Boas en Rut

1 Naomi het 'n vermoënde familielid gehad van haar man Elimelek se kant af. Sy naam was Boas.
2 Rut, die Moabitiese vrou, vra toe vir Naomi: “Mag ek lande toe gaan om are op te tel by iemand wat my toelaat om dit te doen?”
Naomi antwoord haar: “Gaan gerus maar, my dogter.”
3 Sy het toe geloop om in die land te gaan are optel agter die graansnyers aan. Sy het uitgekom by dié deel van die land wat behoort het aan Boas, die familielid van Elimelek. 4 Boas het toe juis self uit Betlehem daar aangekom en hy het vir die snyers gesê: “Mag die Here by julle wees,” en hulle het hom geantwoord: “Mag die Here u seën.”

5 Boas vra toe vir sy voorman: “Wie is daardie meisie?” 6 en hy antwoord: “Sy is 'n Moabitiese meisie wat saam met Naomi van Moab af gekom het. 7 Sy het gevra of sy are agter die snyers mag optel. Sy het toe gekom en is nog al die tyd besig van vanmôre af tot nou toe. Sy rus nou net 'n bietjie.”
8 Boas sê toe vir Rut: “Luister, my dogter, moenie op 'n ander land gaan are optel nie; moet ook nie hier weggaan nie. Bly hier by die meisies. 9 Bly op die land waar hulle oes, en volg hulle. Ek het die mans aangesê om jou nie lastig te val nie. En wanneer jy dors is, gaan na die waterkruike toe en drink van die water wat die werksmense vir hulle geskep het.”

Rut is dan terug by Naomi, na sy in die lande was -

Rut 2:19-21
19 Haar skoonma vra haar toe: “Waar het jy vandag are opgetel en wat het jy alles gedoen? Mag dié een wat in jou belang gestel het, deur die Here geseën word.” Sy het toe vir haar skoonma vertel wat sy gedoen het en dat die man by wie sy die dag gewerk het, se naam Boas is.
20 Naomi sê toe vir haar skoondogter: “Mag hy geseën word deur die Here wat nie nalaat om sy trou aan lewendes en dooies te bewys nie. En,” het Naomi bygevoeg, “hierdie man is familie van ons. Hy is een van ons lossers.”
21 Rut, die Moabitiese vrou, sê toe: “Hy het ook nog vir my gesê ek moet by sy werksters bly totdat hulle klaar geoes het.”

‘My woord is soos vuur, sê die Here, soos ‘n hamer waarmee klippe stukkend gebreek word.’ *Jeremia 23:29*

PREEK (Die wet/Die wil van God)
Broers en susters in onse Here Jesus Christus:
Inleiding
Ek wil fokus hierdie woorde wat Naomi gesê het –
“Die Here het teen my gedraai, die Almagtige het ‘n ramp oor my gebring”.

Wanneer Naomi hierdie woorde sê dan klink dit na ‘n gewaagde uitspraak. Kan sy die Here, die Almagtige, so aankla?

Jy het dalk ook al so gevoel in jou lewe. Jy het dalk al gevoel dat die Here teen jou gedraai het weens die dinge wat al met jou gebeur het.

Ons weet dat hierdie boek van die Bybel, Rut, afspeel in die Rigters tyd, die tyd net voor die Israeliete ‘n koning gehad het, maar die boek is heel wat later saam gestel. Sommige kenners beweer dat die boek, Rut, met ‘n gehoor praat wat na die eerste verwoesting van die tempel in Jerusalem was, wat moedeloos weer die tempel moes herbou.

As dit so is dan het die eerste hoorders van die verhaal waarskynlik, toe hulle Naomi se woorde gehoor het, hulle koppe heelhartig saam geknik. Die Here het ook teen hulle uitspraak gelewer en ‘n ramp oor hulle gebring. Die tempel, waar hulle geglo het God vir ewig sal woon, is verwoes. Jerusalem het geval. Nou probeer hulle die tempel herbou, maar daar is soveel teenstand.

Waar is die God wat hulle met krag uit Egipte deur die Rooisee uitgelei het?

God het hulle toe so sigbaar soos ‘n wolkkolom in die dag en met ‘n vuurkolom in die nag gelei.
Waar is God se magtige teenwoordigheid nou?
Al wat hulle hiervan het is die seer herinnering van die gevalle tempel mure.

Vir hierdie mense en vir ons is die verhaal van Rut geskryf. Dis geskryf vir almal wat wonder waar God in hulle nood en pyn inpas.

Middel

Soos met alle ander mense, leer ons die hoofkarakters van hierdie storie ken deur dit wat hulle sê en doen.

Naomi se eerste woorde is afskeidswoorde as ons aan die begin van hoofstuk 1 lees. Sy stuur haar skoondogters terug na hulle ouerhuise toe. Haar lot is swaarder as hulle s’n, sy sê:
die Here het teen haar gedraai (1:13).
Dit sal vir hulle beter wees om ‘n heenkome in hulle eie land, Moab, te vind as om saam met haar te kom.

Hoe kan sy, wat ‘n weduwee is, vir haar skoondogters sorg?

Sy kan haar eie toekoms nie eens waarborg nie. ‘n Kinderlose weduwee in die tyd van hierdie verhaal, was aan haar eie lot oorgelewer. Sonder ‘n man en seuns wat vir haar kon sorg, was haar kanse op oorlewing maar skraal. Hoe kan sy nou ook die oorlewing van haar skoondogters op haar neem? Nie eens die Here is meer aan haar kant nie. Die Here het teen haar gedraai, het sy geglo.

Net Orpa aanvaar haar skoonma se aanmoediging en draai om. Dit is die regte ding om te doen. Maar Rut is vasbeslote en Naomi besef dit. Sy het opgehou om haar te probeer oortuig. Dit is hoe dit gekom het dat Rut, die Moabiet, saam met haar skoonma in Betlehem aangekom het.

In Betlehem aangekom is daar groot opgewondenheid in die stad. “Maar dit mos Naomi!” (1:9) roep die vroue van die stad uit. Hulle onthou nog hierdie vrou wat langer as tien jaar gelede as gevolg van hongersnood hier weg is. Maar waar is haar man en waar is haar kinders? En wie is hierdie vreemde vrou by haar?

Weer ‘n keer, bekla Naomi haar lot deurdat sy haar naam verander. Name in hierdie tyd het iets gesê van wie ‘n mens is, van jou wese. Sy verander haar naam van Naomi, wat ‘soet’ beteken, na Mara, wat ‘bitter’ beteken (1:20). Sy is nie meer dieselfde vrou wat lank terug hier weg is nie. Sy was vol toe sy weg is, maar die Here het haar leeg laat terugkeer. Hoe kan hulle haar Naomi, ‘soet’, noem as die Here teen haar uitspraak gelewer het en ‘n ramp oor haar gebring het?

Het u al gevoel om jy naam spreekwoordelik te verander? Was u ook eens op ‘n tyd vol, maar is nou leeg omdat dit vir u voel dat selfs die Here teen u gedraai het? Was jy ook al so alleen en moedeloos dat jy soos Naomi jy lot wil bekla, dat die Here in ‘n hofsaak teen jou getuig het en dat hierdie uitspraak onomkeerbaar is?

Doen dan wat Naomi gedoen het. Sy het geweier op haar bitter situasie te aanvaar. Sy weet dat haar situasie nie strook met wat sy van die Here weet nie, dat die Here sekerlik vir haar die uitkoms sal bring. Haar aanhoudende lotbeklaging is eintlik ‘n protes. Onthou jy die weduwee van **Lukas 18:1-8** wat by die regter gekla totdat hy aan haar saak reg laat geskied het?
So is ook Naomi se protes.
As ‘n menslike regter dit nie kan uithou nie, sal God dan nie aan ons saak reg laat geskied nie?

En selfs terwyl Naomi besig is om haar lot te bekla en protes uit te spreek, is die Here self besig om aan haar saak reg te laat geskied. Al drie die elemente wat aan die einde van die verhaal die oplossing op Naomi se probleem is, word nou reeds genoem. Rut, die begin van die garsoes en Boas. Hier sien ons die hand van God, wat nou reeds besig is om Naomi se lot te verander. God self gaan Naomi se protes in ‘n loflied verander. Aan die einde van die verhaal sing die vroue van Betlehem teenoor wie sy haar lot bekla het, namens haar, ‘n loflied.

Rut se woorde in 1:16-17 beskryf haar karakter. *“Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê ‘n eed af voor die Here: niet die dood sal ons skei”.*
Sy weet wat die vooruitsigte is as sy saam met haar skoonma sou gaan. Haar kanse op ‘n nuwe lewe, ‘n tweede huwelik, is beter in Moab. Maar ten spyte hiervan kies sy om saam met Naomi te gaan.
Wat weet sy dat sy besluit het om teen haar skoonma se aanbevelings in, saam met haar te gaan?

Sy het die ware God, die God van Israel leer ken. Sy het gehoor dat hierdie God die volk met magtige dade uit Egipte bevry het. Die Here het hulle deur die Rooisee laat trek en in die woestyn met ‘n wolk- en vuurkolom gelei. Sy weet dat die Here wat sulke dinge vir Israel gedoen het, ook vir haar en haar skoonma sal sorg. Hierdie God noem sy nou haar eie God en omdat die Here die God van Israel is, is hierdie volk ook haar volk. Sy sal selfs nie in haar eie land begrawe word nie, maar in Naomi se land. In die tyd van die verhaal is dit as ‘n groot skande beskou om in ‘n vreemde land begrawe te word. Nie vir Rut nie, want sy is nou deel van Naomi se volk en sal daarom in haar nuwe land begrawe word. Sy bevestig haar voorneme met ‘n eed voor die Here. Sy glo so in God dat sy haar self op die Here beroep.

Rut het geweet dat die Here vir hulle sou sorg, maar hierdie wete het haar nie passief gemaak nie. Sy het gaan are optel in die lande by iemand wat haar sou toelaat om dit te doen. Dit is in die tyd van die verhaal al manier waarop weduwees vir hulleself kon sorg. Hulle het nie hulle eie lande besit nie. En kan jy nou meer. Sy kom toevallig op Boas se land uit. En net toe, juis toe, kom Boas ook op die land aan.
Kon dit toeval wees?

Of sien ons hier weer die hand van die Here in die verhaal?

Wanneer Naomi hiervan hoor, weet sy dat dit nie met toeval is nie. Dit is die Here se werk. nou moet hulle spring en planne maak. die Here gee die geleentheid en die vroue moet daarvan werk maak. Naomi kan nie nou net agteroor sit en aanhou om haar lot te bekla nie. Sy deel haar plan met Rut:
Rut moet haarself so mooi maak as wat sy kan en dan vir Boas by die dorsvloer gaan besoek. Sy moet hom vra om as losser op te tree. Sy moet hom vra om met haar te trou. Dit is 'n waaghalsige plan wat Rut se goeie reputasie kan beskadig.

Vroue het nie na die dorsvloer toe gegaan nie en daarom moes Rut eers wag tot dit donker is. Niemand moes haar sien nie. Rut weet ook dat dit 'n waaghalsige plan is, maar sy is bereid om die kans te waag. Die Here het vir hulle hierdie geleentheid gegee. As die plan werk is Naomi se krisis op 'n einde.

Boas se eerste woorde is 'n seënbede aan sy werkers: *"Mag die Here by julle wees*" (2:4). Later seën hy ook vir Rut met die woorde: *"Mag die Here jou beloon vir wat jy gedoen het. Mag jy 'n welverdiende beloning ontvang van die Here die God van Israel onder wie se vleuels jy kom skuil het"* (2:12). Boas spreek hierdie seënbedes met soveel vrymoedigheid uit, omdat hy weet hy spreek dit uit in die naam van die Here. Die Here is by die alledaagse dinge en by gewone mense betrokke. God sal by die werkers wees en die Here sal vir Rut beloon vir wat sy gedoen het.

Maar hierdie wete maak Boas nie passief nie. Hy nooi Rut vir middagete en gee vir haar so baie kos dat sy nog oorhou en huis toe neem. Verder reël hy met sy werkers dat Rut ook tussen die gerwe kan are optel en dat hulle selfs van die are uit die gerwe op die grond vir haar moet laat val. In **Deuteronomium 24:19** word daar voorsiening gemaak dat vreemdelinge, wese en weduwees are op die lande kan optel. Boas kom nie net die wet na nie, hy kom die wet oorvloedig na. Boas weet dat die Here self die wet ingestel het om so vir armes te sorg.

Wanneer Rut later by hom kom, by die dorsvloer, herinner sy hom aan die seënbede wat hy oor haar uitgespreek het. Dit is asof sy vir hom sê: *"Onthou jy nog dat jy vir my 'n welverdiende beloning van die Here die God van Israel onder wie se vleuels ek kom skuil het, afgebid het* (2:12)?

Nou moet jy hierdie seënbede waar maak. Neem my onder jou beskerming (3:9)". Die woorde wat Rut gebruik is *"sprei u vleuels oor my".* Boas kan nie nou net rustig agteroor sit en op sy seënbede staatmaak nie. Hy is God se verteenwoordiger en moet namens God sy vleuels oor Rut sprei.

Hy doen dit ook en neem die saak met die eerste losser op. 'n Losser in die tyd van die verhaal was 'n familielid van die oorlede man en was verantwoordelik om met die weduwee te trou as sy nie kinders gehad het nie. As hy en die weduwee dan 'n seun gehad het, is die kind as die oorledene se erfgenaam beskou sodat die oorledene se grond en besittings in die familie kon bly. Daar was altyd meer as een losser, ingeval die eerste losser nie sy verpligting kon nakom nie.

Daar was 'n ander losser wat voorkeur bo Boas gehad het om met Rut te trou en die grond van Elimelek so in die familie te hou. Die skrywer wek spanning deur die ander losser te noem. Sal hierdie losser aanspraak maak op sy reg om met Rut te trou? 'n Weduwee kon nie kies met watter losser sy wou trou nie en kon in daardie tyd nie haar saak voor die hof bring nie. Omdat daar grond by Rut en Naomi se saak betrokke was moes dit wettiglik onderhandel word. Daarom belowe Boas om namens haar met die eerste losser by die stadspoort te onderhandel. Die stadspoort was die hof van daardie tyd. Boas stel die vroue se saak so goed dat die ander losser besluit om sy lossersreg op te gee. Naomi se plan het gewerk. Boas en Rut kan trou.

In 4:13 sien ons weer die hand van die Here in die verhaal. *" Die Here het haar swanger laat word en sy het 'n seuntjie in die wêreld gebring"*. En nou sing die vroue, voor wie Naomi vroeër haar lot bekla het, namens haar 'n loflied tot die Here. Hierdie kindjie was nie net die oplossing van Naomi se probleem nie. Hy was die voorvader van koning Dawid. Die Here red nie net een vrou nie, maar vestig deur haar die koningshuis van Dawid. En vir ons word die verlosser uit die nageslag van Dawid gebore.

Dit is God self wat Naomi se lot verander het. Dit het egter nie Rut se werk op die lande en Naomi se planne uitgesluit nie. Die Here is aan die werk in ons lewens, maar dit sluit nie ons eie werk uit nie. Die wete dat dit God is wat aan hulle die geleentheid gegee het, het hierdie twee vroue aktief gemaak. Ook Boas het nie net by praat gebly nie. Hy het as verteenwoordiger van die Here opgetree, in die wete dat God nog altyd in beheer bly.

Slot

Ons glo in die beheer van God. Nie net op grond van hierdie verhaal nie.
Die protes van Jesus se Godverlatenheid het ook eenmaal tot God geklink.
Wie sou kon dink dat die Here juis hier in beheer was?
Drie dae later het Hy uit die dood uit opgestaan. En hy het belowe dat Hy weer sal kom. Die sekere wete dat Jesus uit die dood uit opgestaan het en die vaste hoop dat Hy weer sal kom, is die grond vir ons geloof aan God se beheer.

Hierdie geloof kan ons nie passief, dit wil sê sonder om tot aksie oor te gaan, laat nie. Ons moet soos Naomi aanhou worstel met God oor die omstandighede wat ons op grond van ons kennis van God nie kan aanvaar nie.
Ons moet soos Rut altyd bereid wees om te werk, juis omdat ons weet dat die Here klaar besig is om agter die skerms te werk.
En ons moet soos Boas vir mense in hulle nood, God se verteenwoordiger wees.

Broers en susters, het die Here teen ons gedraai?
Nee, Hy is altyd namens ons aan die werk. Maar in dieselfde asem moet ek en jy ook aan die werk bly en werkend vertrou dat God jou bekommernis sal aanspreek en jou sal ondersteun en dinge vir jou laat uitwerk.
Mag jy in hierdie week vasberade werksaam wee in jou omstandighede en bid en vertrou dat die Here namens jou ook besig is, al kan jy dit nie aldag sien nie.
Amen